Bekendes trek te velde teen porno-plan vir TV

Sanri van Wyk

Solidariteit Helpende Hand se veldtog "Stem nee vir pornografie" het bykomende stukrag gekry toe talle bekendes en glanspersoonlikhede gister hul steun daaraan toegesê het.

Dit het gebeur nadat dit aan die lig gekom het dat MultiChoice *dit oorweeg om pornografiese kanale* op DStv se satelliet-betaaltelevisiediens uit te saai.

"Dis siek," meen die jong sanger en uitgesproke Christen Bobby van Jaarsveld oor dié moontlikheid.

"Asseblief nie, MultiChoice," is me. Hettie Brittz, vrou van die sanger Louis Brittz, se pleidooi.

"As pa van twee kinders wil ek my kinders nie aan pornografie blootstel nie," sê Victor Matfield, kaptein van die Blou Bulle.

Die sangeres Carike Keuzenkamp is "definitief heeltemal gekant teen enige vorm van pornografie op TV".

Volgens me. Gretha Wiid, spreker oor verhoudingskwessies, wil MultiChoice "ons kinders se siele vir geld verkoop terwyl hy sy hande in onskuld was".

Die voormalige Eden-lid en nou musiekvervaardiger Sean Else *het gesê hy wil nie hê sy geld* moet tot die vervaardiging van pornografie bydra nie.

Die aktrise Shaleen Surtie-Richards "bid tot die Here dat die mense wat hierdie besluite neem nie self kinders of pedofiele in hul familie het nie".

Dr. Danie Langner, uitvoerende direkteur van Helpende Hand, het DStv-intekenare aangemoedig om hul intekening te kanselleer as met die plan voortgegaan word.

■ **Kerk ook beswaard – bl. 14**